

14 Mei

Openbaring 12, (Teks: 12:7,8)

Hemelvaart beteken stryd!

Stel jou voor dat 'n nuusberig oor die wêreld flits: "Oorlog het aangebreek wat die geskiedenis beslissend gaan verander." Daar het oorlog in die hemel gekom. In dié oorlog gaan dit inderdaad om die strategies belangrikste veldslag van die eeue.

Migael, die grootvors van die hemel voer oorlog teen die draak en sy engele. Die naam Migael beteken "Wie is soos God?" Hy is die opperste krygsheer wat vir die eer van die almagtige God stryd voer. Hy voer oorlog teen Satan. Want Satan poog verbete om Christus in sy hemelvaart te stuit. Hy werp alles in die stryd om Jesus se troonbestyging te keer. Maar Migael behaal die oorwinning. Die draak en sy engele word in die hemel verslaan. "In die hemel was daar geen spoor meer van hulle te vind nie."

Wat het Satan in die hemel gedoen? Hy is die groot lasteraar. Die kwaadspreker sonder gelyke. Onthou u hoe hy Job voor God in die hemel aangekla het? En in Sagaria 3 die hoëpriester? Maar nou dat ons Here Jesus Christus die troon bestyg het, het Satan geen toegang tot die hemel meer nie. Nou sak hy op die aarde toe. Sy stryd teen die Seun van God sit hy nou met ongekende woede voort teen die bewoners van die aarde.

Sien u? Hemelvaart beteken stryd! Die oorlog wat in die hemel ontketen is, woed nou op die aarde voort - tot die wederkoms van die Here. Dit beteken dat ons 'n roeping hier het. 'n Roeping om op elke lewensgebied vir die Here stryd te voer. In die oorlog dra ons reeds die teken van die oorwinning. Ons is God se gedoopte kinders. Staan vas in u geloof, God is met u.

Sing: Psalm 47:4

Dr. C.J. Smit (Noordbrug)